

MEES ALGEMENE VRAE

24
APRIL
2020

Groei van Covid-19-gevalle in die Wes-Kaap wat met laboratoriumtoetse bevestig is

V: Is die Wes-Kaap aktief besig om mense wat met Covid-19 besmet is op te spoor?

A: Ja. 'n Deel van die aktiewe benadering tot die nasporing van die pandemie van ons Departement van Gesondheid is om seker te maak dat ons elke persoon wat met Covid-19 besmet is, so vinnig moontlik identifiseer en daarom verwag ons dat die aantal laboratoriumbevestigde Covid-19-gevalle in ons provinsie wel gaan styg.

V: Waarom is die identifisering van mense wat moontlik besmet is, so belangrik?

A: Dit is baie belangrik om elke persoon wat geïnfecteer is te identifiseer, want indien ons weet dat iemand Covid-19 positief is, kan ons seker maak dat hulle geïsoleer is en keer dat die virus na ander oorgedra word.

Ons kan ook dadelik opvolg met wie hulle in kontak was en die proses weer van vooraf begin. Dit beteken ook dat ons kan sorg vir diegene wat baie siek is as gevolg van die virus.

V: Hoeveel mense is die afgelope week gesif en getoets?

A: Die afgelope week is bykans 9000 toetse in die provinsie uitgevoer as deel van hierdie aktiewe gevalopsporingbenadering.

Sedert die begin van April het ons gemeenskapsondersoekspanne meer as 150 000 mense in gemeenskappe regoor die provinsie bereik.

V: Wat is die aktiewe gevalopsporingbenadering wat deur die Wes-Kaap gevolg is?

A: Die Wes-Kaap gebruik 'n datagedrewe benadering tot sifting en toetsing. Ons siftingspanne volg die infeksie-gevaarkolle ("bosbrande") in gemeenskappe aktief na.

Ons identifiseer hierdie infeksie-gevaarkolle wanneer ons 'n geval van Covid-19 bevestig en ons kontakspanne spoor hul vorige bewegings en kontakte noukeurig na.

Ons keuring identifiseer diegene wat simptome toon en verwys hierdie inwoners vir toetsing.

V: Wat is ons strategie vir die pad vorentoe?

A: Ons strategie is om hierdie aktiewe gevalopsporingbenadering steeds streng te volg, aangesien ons gevalle wat reeds in ons gemeenskappe is, bevestig. Dit is die beste manier om die virus te beheer en die kromme te laat afplat.

V: Wat moet jy doen om te help?

A: Elkeen van ons moet voortgaan om ons rol te speel om die kromme te laat afplat. As ons dit doen, kan ons voorkom dat ons gesondheidstelsel oorweldig word en kan ons baie lewens red.

Ons moet dit doen deur voort te gaan met wat ons reeds geleer het: ons moet altyd goeie higiënepraktyke volg en 'n lapmasker dra wanneer ons in die openbaar verskyn.

Ons moet tuis bly en 'n afstand tussen onself en ander behou. Indien ons siek is, moet ons nie ons huis verlaat nie; skakel eers ons blitslyn om uit te vind wat om volgende te doen.



Wes-Kaapse
Regering

KOM ONS **STOP** DIE VERSPREIDING

FOR MORE INFORMATION:
www.westerncape.gov.za